

Woensdag 8 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21; HK Sondag 14, Antwoord 35

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:18

Christus se liefde vir ons, en sy menswording

Die feit dat Christus ware God was en dit ook in sy menswording gebly het, laat ons verstaan dat Hy Self meegewerk het aan sy menswording sodat dit ook van sy oneindige liefde vir ons getuig. Die liefde wat Christus aan mense betoon het gedurende die hele tyd van sy omwandering op aarde, blyk baie duidelik uit die Bybel. In die besonder word gelowiges aangegryp deur sy liefde wat Hy tydens sy bitter lyde en sterwe tot ons versoening geopenbaar het (Joh. 13:1). Sy liefde vir ons is egter só wyd en ver en diep en hoog dat dit ons verstand te bowe gaan (Fil. 3:18, 19). Hierdie liefde van Hom word duidelik ook in sy geboorte en selfs voor sy geboorte geopenbaar (Ef. 1:4, 5). Die nederige geboorte van Christus was onteenseglik ook 'n aktiewe daad van Homself – 'n daad van sy onmeetlike liefde. Dit is immers nie van buite af op Hom afgedwing nie, maar sy eie welbewuste keuse. Sy geboorte was nie 'n lot wat Hom getref het nie, maar binne die ewige vrede raad van die Drie-enige God ook 'n daad van Homself. Terwyl ons gebore word sonder keuse of eie toedoen, het Christus welbewus die menslike natuur aangeneem.

Nou kan ons sien dat Christus ter wille van ons besig was nie net aan die einde van sy lewe op aarde nie, maar heel aan die begin daarvan – selfs vóór sy ontvangenis en geboorte toe Hy in die ewige raad van God gesê het: “*Ek het gekom, o God, om u wil te doen*” (Heb. 10:7; vgl. Ps. 40:8, 9). Christus se lê in die krip is dus net so 'n groot liefdesdaad as sy hang aan die kruis. Betlehem en Golgota is albei altare waarop Hy Homself vir ons geoffer het.

Nou verstaan ons dat as ons belydenis sê dat Hy ons menslike natuur aangeneem het, dit geen droë dogmatiese stelling is nie, want ons hoor daarin die verkondiging van Christus se selfopofferende liefde. Dit is immers ter wille van ons dat Hy, die Hoë en Heilige, die verswakke en eerlose menslike natuur aangeneem het. As Hy dit nie gedoen het nie, kon Hy ons nie red nie. Toe Hy dit aangeneem het, het Christus egter geweet dat dit 'n brose en sterflike natuur is. Hy het ook geweet dat Hy aan die liggaam bitter sou moes ly vir sy uitverkore volk. Oor die krip het daar reeds die skaduwee van die kruis geval. Tog was Hy bereid om ons menslike natuur aan te neem ter wille van sy bruidskerk.

As Hy ons so liefgehad het reeds voor en by die geboorte uit Maria, moet ons hele lewe 'n dankbare antwoord op sy liefde wees. In ons hele lewe moet ons toon dat ons Hom liefhet omdat Hy ons eerste liefgehad het.